RAMAPHOSA SE PLAN MET GROND: Só WYS HY SY WARE KLEURE

Mnr Cyril Ramaphosa was skaars aangestel as president van die ANC en van die land toe hy verklaar dat hy landbougrond sonder vergoeding gaan onteien. Daarmee het hy Suid-Afrika onherroeplik op die pad van Zimbabwe geplaas.

Nog meer kommerwekkend is die uitlating van Ramaphosa vroeg in Maart 2018 toe hy gesê het: **"Suid-Afrikaners het die mosie oor grondonteiening sonder vergoeding oorweldigend deur hul verteenwoordigers in die parlement gesteun."** Watter Suid-Afrikaners? Wie se verteenwoordigers?

Die wettige eienaars van grond het egter geen sê in hierdie besluit oor onteiening sonder vergoeding gehad nie - die Parlement het besluit. Verteenwoordigers in 'n parlement waar 241 parlementslede diefstal aanvaar met 83 daarteen? En die liberale DA buite stemming gebly het? Die harde werklikheid is dat honderde duisende grondeienaars aan geen politieke party behoort nie! Die mosie oor grondonteiening is weer eens 'n bewys dat SA se grondwetlike demokrasie misluk het. Die wenner neem alles!

Ons durf nie die beginsel van onteiening sonder vergoeding aanvaar nie. Deur dit te doen, sal ons indirek erken dat ons grond gesteel het (WAT NIE WAAR IS NIE, DIE GESKIEDENIS VAN GRONDBESETTING IN SA IS GOED GEDOKUMENTEER) en bygevolg dat ons diewe is wat gestraf moet word. Ons word reeds onregmatig gestraf met regstellende aksie, swart bemagtiging en kwotas. Stukkie vir stukkie het ons identiteit verlore gegaan deurdat ons kultuur, eie skole en Afrikaanse universiteite in 'n groter geheel opgegaan het – in 'n multikulturele samelewing. Ons word ook fisies uitgemoor. Volksmoord op ons was nog altyd deel van die ANC en SAKP se plan.

Ook grondhervorming gaan dus nie oor die opheffing van die "benadeelde" of die verlede regstel nie. Ons kan nie toelaat dat onreg teen ons gepleeg word op die rugkant van 'n leuen nie. Ons kan nog minder toelaat dat die kommuniste ons sagmaak en paai om in te koop by hulle grondplanne. Dit is ook jammer dat organisasies soos Agri-SA, Agbiz, Netwerk24 en RSG ons mense op 'n "tweede oorgawe" voorberei waartydens ons sonder teenstand ons eiendom aan die ANC-staat sal moet oorhandig. Ons weet maar te goed wat destyds gebeur het nadat Mnr De Klerk en die Nasionale Party ons saggemaak en gepaai het met sogenaamde wigte en teenwigte...daarop het gevolg 'n eerlose oorgawe en opgee van die Blanke se politieke mag.

012 803 0712 ~ chantal.kruger@vvk.co.za ~ www.vvk.co.za ~ Posbus 71214 Die Wilgers 0041

Nou word ons weer saggemaak en gepaai met "'n versoek vir insette oor onteiening sonder vergoeding" deur 'n gesamentlike grondwetlike hersieningskomitee. Die sluitingsdatum hiervoor is Donderdag 31 Mei 2018. Belanghebbendes word uitgenooi **"om skriftelik insette te lewer oor die behoefte aan meganismes om grond sonder vergoeding te onteien."** Die formulering van hierdie uitnodiging op sigself is bedrieglik, net soos Mnr De Klerk se referendumvraag destyds in 1992. Dit is dus duidelik dat die komitee slegs die grondwetlike wysigings waar nodig, aan die Nasionale Vergadering moet voorstel, sodat die staat kan voortgaan om grond (eintlik alle eiendom) "wettig" te steel. Mnr Ramaphosa probeer nou boere gerusstel deur hul samewerking vir grondhervorming te vra en te sê dit is nie net landbougrond wat in die Regering se visier is nie, maar ook onbenutte grond nader aan mense se werkplekke. Maar is hierdie onbenutte grond landbougrond, privaatgrond of staatsgrond? Waar gaan dit ophou? Boere en alle ander grondeienaars het geen rede om die ANC te vertrou nie. Almal sal **noodgedwonge moet saamwerk en onteiening sonder vergoeding verwerp,** as daar voortgegaan word met Ramaphosa se bose plan.

Eie verkiesings bly een van die sterkste vreedsame vorms van weerstand teen en verwerping van die heersende politieke bedeling. Daarom behoort alle vryheidgesinde volksmense **- en by uitstek ook diesulkes wat nie staatsdiefstal van eiendom aanvaar nie -** deel te neem aan die Volksraad-verkiesing op 13 Oktober 2018. Ondersteun jou volkseie Verkiesing Kommissie en registreer as kieser (indien jy nie reeds geregistreer is nie). Besoek ons webwerf by www.vvk.co.za vir meer inligting.

Christo Snyman

Voorsitter VVK